Journal of Industrial Psychology, 2000, 26(1), 39-45
Tydskrif vir Bedryfsielkunde, 2000, 26(1), 39-45

# DIE INTERNE KONSEKWENTHEID EN KONSTRUKGELDIGHEID VAN DIE PERSOONLIKE ORIËNTASIEVRAELYS VIR 'N GROEP UNIVERSITEITSTUDENTE

W. J. FOUCHE
S. ROTHMANN

*Program in Bedryf- en Personeelsielkunde,*
*PU vir CHO*

## ABSTRACT

**The internal consistency and construct validity of the POI for a group of university students.**
The aim of this research was to establish the internal consistency and construct validity of the POI for a group of university students. The study population was selected by means of an availability sample and consisted of university students. Alpha coefficients varying between 0,24 and 0,75 were obtained. From the results it is evident that the POI can only be accepted as internally consistent concerning certain scales. It seems that the POI has a reasonable degree of construct validity.

## OPSOMMING

Die doelstelling van hierdie navorsing was om die interne konsekwentheid en konstrukgeldigheid van die Persoonlike Oriëntasievraelys (POI) vir 'n groep universiteitstudente te bepaal. Die ondersoekgroep is deur middel van 'n beskikbaarheidsteekproef verkry en het bestaan uit universiteitstudente. Alfa-koëffisiënte wat wissel tussen 0,24 en 0,75 is verkry. Uit die resultate blyk dit dat die POI slegs ten opsigte van sekere skale as intern konsekwent aanvaar kan word. Dit blyk verder dat die POI oor 'n redelike mate van konstrukgeldigheid beskik.

## SYNOPSIS

*Historically the focus of investigation in psychology shifted from abnormal behaviour to optimal behaviour. Psychological optimality refers to a person's transcending to a unique unity of experience regarding work, interpersonal relations and religious attitude. A psychometric test used in industry to measure psychological optimality is the Personal Orientation Inventory (POI).*

*The POI was developed in 1964 by E.L. Shostrom to provide a standardised instrument for the measurement of values and behaviour hypothesised to be of paramount importance in the development of self-actualised individuals, in other words, an instrument for the measurement of therapeutic growth. Maslow states that the POI measures psychological optimality as it is conceptualised.*

*For a psychological test to be considered a scientifically acceptable measurement for making inferences about characteristics of people, it is necessary for such a test to meet important technical standards. Two of these critical standards are reliability and validity.*

*American studies concerning the reliability and validity of the POI yielded positive results. Apart from research in 1994, no further reliability and validity investigations regarding the use of the POI in South Africa could be identified despite its extensive use over so many years in this country. Consequently a fair measure of uncertainty still exists about using the POI as a measuring instrument for psychological optimality in South African conditions.*

*The aim of this research was to determine the internal consistency and construct validity of the POI. A correlational design was used and a research group was selected by means of an availability sample. The sample consisted of university students in their first, second and third year with Industrial Psychology or Industrial Relations as a subject. The measuring instruments applied for this research were the POI, the Sixteen-Personality Factor Questionnaire and the Locus of Control Questionnaire.*

*The reliability of the POI was established by means of internal consistency during which reliability coefficients of between 0,24 and 0,75 were obtained. From the results it is evident that the POI can only be accepted as reliable concerning Time Ratio (Tc), Support Ratio (I), Existentiality (Ex), Self-Acceptance (Sa), Acceptance of Aggression (A) and Capacity of Intimate Contact (C). Further it seems likely that the POI is a more reliable measuring instrument of psychological optimality for white university students than black university students.*

*Regarding the validity of the POI, Pearson's product moment correlations were computed. From the results it is evident that the POI scales have acceptable construct validity, especially Time-Competence (Tc), Support Ratio (I), Self-Regard (Sr), Self-acceptance (Sa) and Spontaneity (S). These scales were negatively related to anxiety and external locus of control, while they were positively related to extroversion, internal locus of control and autonomy.*

*In conclusion to the findings of this study, the POI can still be used in a university environment, although the results should be used in conjunction with other psychometric tests. Further investigation into the reliability and validity of the POI is needed.*

Histories het die fokus van ondersoek in die sielkunde verskuif vanaf die abnormale, verby die bloot normale, na optimale gedrag (Shostrom, 1974). Hierdie fokusverskuiwing in die rigting van psigologies optimale funksionering is veral aangehelp deur die ontwikkeling van die persoonlikheidsteorieë van Allport (1970), Frankl (1978), Maslow (1971) en Rogers (1975). Psigologies optimale funksionering word gedefinieer as 'n positiewe en dinamiese ontwikkelingsproses waartydens individue duideliker selfkonsepte bekom deur terugvoer van die omgewing, hulself positief aanslaan terwyl selfobjektiwiteit steeds moontlik is, en meer effektiewe interaksie met die wêreld om hulle kan hê (Rothmann, 1996). Die gevolg hiervan is 'n geheelwording van die psige, 'n interne lokus van beheer en die optimalisering van potensialiteite (Schultz, 1977).

Psigologiese optimaliteit stem teoreties in 'n groot mate ooreen met selfaktualisering, en daarom word aanvaar dat selfaktualiseringsvraelyste as meetinstrumente vir psigologiese optimaliteit gebruik kan word (Cilliers, 1984). Tesame met die ontwikkeling van metodiek vir groeistimulering in die humanistiese paradigma, is selfevalueringsinstrumente ontwikkel vir die meting van terapeutiese groei (Shostrom, 1974). Die Persoonlike Oriëntasievraelys (POI) wat deur Shostrom (1976) ontwikkel is, is een sodanige meetinstrument. Die skale van die POI is saamgestel uit die humanistiese persoonlikheidsteorieë van Maslow (1971), Rogers (1975) en Shostrom (1966).

Die doel van die POI is daarin geleë dat dit waardes en gedrag meet wat belangrik is vir die ontwikkeling van die selfaktualiserende persoon. Selfaktualisering word hierin omskryf as die mate waarin eie talente en vermoëns vollediger benut kan word as by die gemiddele persoon, in die mate waarin die per-

soon in die hede leef eerder as in die verlede of toekoms, relatief outonoom funksioneer en 'n welwillender lewenskyk op die menslike natuur as die gemiddelde persoon het (Cilliers, 1984). Uit die POI-tellings kan die respondent se vlak van positiewe geestesgesondheid dus geëvalueer word met die oog op voorligting of terapie (Knapp, 1976; Shostrom, 1976).

Navorsing ten opsigte van die POI het tot op hede gefokus op die meting van die selfaktualisering van bestuurders (Cilliers & Wissing, 1993), opleidingsbeamptes (Jorgensen, 1996) en fasiliteerders (Culbert, Clark & Bobele, 1968; Knapp & Shostrom, 1976; Rothmann, 1996). Verdere navorsing sedert die ontwikkeling van die POI het gefokus op die interpersoonlike effektiwiteit van beraders (Duncan, Konefal & Spechler, 1990; Foulds, 1969; Payne, 1981; Schwab & Harris, 1981), en die invloed wat kennis aangaande selfaktualisering op die resultate van die POI het (Rizzo & Vinacke, 1975).

Alvorens enige navorsing met behulp van 'n psigometriese toets gedoen kan word, moet dit betroubaar en geldig wees (Smit, 1991). In die wydste betekenis wys toetsbetroubaarheid op die konstantheid van toetsprestasie van dieselfde individu by verskillende geleenthede (Murphy & Davidschofer, 1998). Geldigheid gee 'n aanduiding gee van die mate waarin die toets daarin slaag om die eienskap te meet wat dit veronderstel is om te meet (Murphy & Davidschofer, 1998). Alhoewel Schulz (1994) bevind dat die POI 'n betroubare en geldige meetinstrument is, bevind Wissing en Van Eeden (1997) dat die betroubaarheid van die POI veral in die geval van swart respondente laag is.

Alhoewel navorsing ten opsigte van die betroubaarheid en geldigheid van POI in die Verenigde State van Amerika onderneem is, kon slegs een studie waarin die betroubaarheid en geldigheid van die POI in Suid-Afrika bepaal is, opgespoor word. Geen navorsingstudies is opgespoor ten opsigte van die gebruik van die POI by universiteitstudente in Suid-Afrika nie. Aangesien die POI by die meting en stimulering van selfaktualisering van universiteitstudente gebruik word, is dit van belang om die betroubaarheid en geldigheid daarvan vir hierdie groep te bepaal.

Die doel van hierdie navorsing is om die interne konsekwentheid en konstrukgeldigheid van die Persoonlike Oriëntasievraelys vir 'n groep universiteitstudente te bepaal.

**Betroubaarheid en geldigheid**

Betroubaarheid is dié eienskap van 'n meetinstrument, meetprosedure of stel waarnemings wat dit moontlik maak om soortgelyke resultate te verkry as die metings op identiese wyse herhaal sou word (Plug, Louw, Gouws & Meyer, 1997). Daar is verskeie metodes om die betroubaarheid van 'n toets vas te stel soos onder andere die toets-hertoetsmetode, ekwivalente-vormemetode, halveermetode en interne konsekwentheidsmetode (Smit, 1991). Die interne konsekwentheidsmetode bepaal die betroubaarheid van 'n toets deur te fokus op die aantal items in die toets en die interitemkorrelasie tussen hierdie toetsitems (Murphy & Davidshofer, 1998). Hier word meer spesifiek verwys na inhoudsbetroubaarheid wat betrekking het op die homogeniteit van items. Metings van homogeniteit is 'n aanduiding van die toets se interne konsekwentheid. Dit is noodsaaklik om die homogeniteit van toetsitems te bepaal, omdat Smit (1991) aandui die ander vorme van betroubaarheid van die toets dan ook waarskynlik hoog sou wees. Die interne konsekwentheid is maksimaal indien die interitemkorrelasies hoog is, die itemvariansie groot is en die moeilikheidswaarde van die items gelyk is.

Ondersoeke rakende die betroubaarheid van die POI in die Verenigde State van Amerika het positiewe resultate opgelewer (Rothmann, 1996). Oakland, Freed, Lovekin, Davis en Camilleri (1978) bevind dat die toets-hertoetsbetroubaarheid van die POI aanvaarbaar is. Twee skale van die POI (Gevoelsrefleksie en Aanvaarding van Aggressie) is affekverwant en mag dus varieer tussen 'n voortoets en 'n natoets.

In 'n betroubaarheidstudie in Suid-Afrika, bevind Van Wyk (1978) dat die POI 'n verdeelde-helfte-betroubaarheid van 0,73 het, terwyl die interne konsekwentheid 0,72 was. Daar was egter slegs 61 respondente by hierdie studie betrokke. Wissing en Van Eeden (1997) dui aan dat die betroubaarheid van die POI veral in die geval van swart respondente laag is. Volgens Schulz (1994) is die betroubaarheid van die meeste POI-skale aanvaarbaar, met toets-hertoetsbetroubaarheidskoëffisiënte wat wissel tussen 0,41 en 0,82. Die uitsondering is die Nc-skaal, waarvan die betroubaarheid relatief laag is. 'n Rede wat aangevoer word vir die lae betroubaarheid van sommige skale, is dat dit moontlik te min items bevat. Betroubaarheidstudies wat deur middel van interne konsekwentheid gedoen is, het onder andere gevind dat die betroubaarheidskoëffisiënte wat op hierdie manier verkry is, oor die algemeen hoër op die Ondersteuningsratio (I) en laer op al die ander skale was, as wat met toets-hertoetsbetroubaarheid-studies verkry is (Wise, 1977).

Geldigheid verwys na die mate waarin 'n meetinstrument meet wat dit veronderstel is om te meet (Murphy & Davidshofer, 1998; Plug et al., 1997). Die mate van geldigheid van 'n toets is 'n belangrike eienskap vir die praktiese bruikbaarheid daarvan. Daar bestaan verskillende soorte geldigheid soos inhoudsgeldigheid, voorspellingsgeldigheid, saamvallende geldigheid en konstrukgeldigheid. Die personeelsielkunde het vir 'n lang tyd slegs op hierdie empiriese, nie-teoretiese definisie van geldigheid gefokus (Landy, 1989). Dit het dus nie saak gemaak wat 'n toets meet nie, solank tellings net werksukses voorspel het. Meer onlangs het bedryfsielkundiges egter die leemtes van 'n nie-teoretiese benadering begin herken en begin vrae vra oor die logiese geldigheid van voorspellings. Logiese geldigheid fokus onder meer op hoe goed die operasionele definisie (die toets) die konstruk meet (konstrukgeldigheid).

Laasgenoemde tipe geldigheid is relevant vir hierdie navorsing. Konstrukgeldigheid behels onder andere dat tellings behaal in een toets met dié behaal in 'n reeds erkende toets gekorreleer word (Smit, 1991). Indien die berekende korrelasiekoëffisiënt hoog is, kan aanvaar word dat die twee toetse dieselfde konstruk meet. Die vraag wat met die bepaling van konstrukgeldigheid beantwoord word, is of die toets korreleer met 'n bepaalde teoretiese konstruk. Landy (1989) wys daarop dat dit een van die mees teoretiese maniere is om geldigheid te bepaal aangesien dit handel oor abstraksies ten opsigte van psigologiese funksies, kenmerke of trekke, eerder as die voorspelling van 'n eksterne kriterium. Konstrukgeldigheid handel oor die psigologiese konstruk wat deur die toets gemeet word en die suksesvolheid waarmee die toets die konstruk meet. Die toets moet egter nie net hoog korreleer met skale van 'n ander toets wat ook 'n meting van 'n bepaalde konstruk is nie, maar dit moet ook laag korreleer met ander skale wat nie 'n meting van die konstruk is nie.

Die konstrukgeldigheid van 'n toets kry gestalte namate meer inligting beskikbaar raak oor die verwantskap daarvan met ander meetinstrumente. Konstrukgeldigheid is waarskynlik een van die mees noodsaaklike vorms van geldigheid om die betekenis van toetstellings te verstaan (Landy, 1989). Indien die toets oor konstrukgeldigheid beskik, is iets bekend oor die verwantskap daarvan met ander toetse wat soortgelyke, hoewel nie identiese attribute nie, meet.

Knapp (1976) wys daarop dat die konsepte wat deur die POI gemeet word nie onafhanklik of ortogonaal is nie, maar dat dit verskeie oorvleuelende items bevat. Die POI reflekteer 'n komplekse samevoeging van faktore en is dus nie ontwerp vir faktoranalitiese benaderings om die geldigheid van konstrukte te bepaal nie.

Warehime en Foulds (1972) het die verband tussen selfaktualisering en lokus van beheer bestudeer. Hulle bevind dat daar 'n beduidende verband bestaan tussen 'n hoë telling op die Ondersteuningsratio en 'n interne lokus van beheer. Wall (1970) meen egter dat die POI en Rotter se I-E-skaal konseptueel verskillende veranderlikes meet.

Shostrom en Knapp (1966) bevind dat die POI oor konstrukgeldigheid beskik en duidelik onderskei tussen selfgeaktualiseerde en nie-selfgeaktualiseerde persone in 'n terapeutiese situasie. In 'n studie in die Verenigde State van Amerika waar die verband tussen die POI en die Sestien-Persoonlikheidsfaktorvraelys (16PF) bepaal is, is korrelasies tussen 0,23 en 0,44 tussen die skale van die twee meetinstrumente verkry (Knapp, 1976). Hierteenoor bevind Weiss (1991) dat die POI se geldigheid nie bevredigend is nie.

Benewens navorsing deur Schulz (1994) kon geen verdere Suid-Afrikaanse konstrukgeldigheidsondersoeke aangaande die POI in Suid-Afrika opgespoor word nie. Schulz (1994) bevind dat die Tydratio (Tc) en die Ondersteuningsratio (I) positief korreleer met emosionele stabiliteit, ekstroversie, selfgelding en entoesiasme (soos gemeet deur die 16PF). Negatiewe korrelasies is tussen die genoemde skale en angs, agterdog en depressie (wat die teenoorgestelde van selfaktualisering is) gevind. Soortgelyke bevindings is ten opsigte van die ander POI-skale verkry (Schulz, 1994).

Geen Suid-Afrikaanse geldigheidstudies ten opsigte van die interne konsekwentheid en konstrukgeldigheid van die POI vir rassegroepe anders as wittes kon opgespoor word nie. Dit sou dus voordelig wees indien die interne konsekwentheid en konstrukgeldigheid vir wittes en swartes bepaal kon word.

## NAVORSINGSMETODE

**Navorsingsontwerp**
Gegee die doel van die ondersoek is 'n korrelasionele ontwerp (Huysamen, 1993) as mees toepaslik beskou. Dit gaan dus hier om die verbande tussen veranderlikes wat nie noodwendig oorsaaklikheid daartussen impliseer nie (Huysamen, 1993).

**Ondersoekgroep**
Die studiepopulasie word verteenwoordig deur universiteitstudente wat in die gedragswetenskappe opgelei word. Die ondersoekgroep bestaan uit eksperimenteel-toeganklike studente (vanaf eerste jaar tot derde jaar) van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aan die PU vir CHO. Al hierdie studente het Bedryfsielkunde of Bedryfsosiologie as vak. Deur van 'n beskikbaarheidsteekproef gebruik te maak, is 'n steekproef van 225 respondente uit 'n populasie van 677 persone, verkry. Die steekproef bestaan uit 177 blankes (wat 30,73% van die totale wit groep gedragswetenskaplike studente verteenwoordig) en 48 swartes (wat 47,52% van die totale swart groep gedragswetenskaplike studente verteenwoordig).

**Meetinstrumente**
Die volgende meetinstrumente is vir die doel van hierdie navorsing gebruik:

- Die **Persoonlike Oriëntasievraelys** (POI) (Shostrom & Knapp, 1966). Die POI bestaan uit 150 gepaarde, teenoorgestelde positiewe en negatiewe stellings as pare van 'n kontinuum (Knapp, 1976). Die twaalf skale waaruit die POI bestaan, word in twee hoof- en tien subskale verdeel (Shostrom, 1966) (kyk Tabel I).

- Die **Lokus van Beheervraelys** (LVB) (Schepers, 1995) vir die meting van lokus van beheer. Die LVB is gefundeer in die attribusie- en sosiale leerteorie en bestaan uit 80 items wat aan drie skale toegeken is (Schepers, 1995). Die drie skale waaruit die vraelys bestaan is, Eksterne Beheer, Interne Beheer en Outonomie.

**TABEL I**
**DIE POI-SKALE**

| | |
|---|---|
| **HOOFSKALE** | |
| Tydratio (TC) | Meet tydsbevoegdheid, dit wil sê 'n realiteitsgeoriënteerde bewustheid in die hede, waarin ervaringe uit die verlede en toekomsverwagtinge in 'n betekenisvolle kontinuïteit bestaan. |
| Ondersteuningsratio (I) | Meet reaksie vanuit die self op 'n onafhanklike en outonome wyse en selfstandige besluitneming vanuit geïnternaliseerde beginsels en motivering. |
| **SUBSKALE** | |
| Selfaktualiseringswaarde (Sav) | Meet bevestiging van primêre waardes van 'n selfaktualiserende persoon. |
| Eksistensialiteit (Ex) | Meet vermoë om in ooreenstemming met die eise van 'n situasie, dit wil sê eksistensieel, op te tree, sonder die rigiede handhawing van beginsels. |
| Gevoelsrefleksie (Fr) | Meet responsiwiteit ten opsigte van eie gevoelens en behoeftes. |
| Spontaneïteit (S) | Meet vryheid om spontaan op te tree of om self te wees. |
| Selfagting (Sr) | Meet die bevestiging van die self op grond van eie waarde of sterkte. |
| Selfaanvaarding (Sa) | Meet die bevestiging van die aanvaarding van die self ten spyte van swakhede of tekortkominge |
| Mensbeskouing (Nc) | Meet die mate waarin 'n konstruktiewe beskouing oor menswees gehuldig word |
| Sinergie (Sy) | Meet die vermoë om sinergisties te wees - dit wil sê om teenoorgesteldes te transendeer en op 'n betekenisvolle wyse met lewensobjekte om te gaan. |
| Aanvaarding van aggressie (A) | Meet die vermoë om die eie natuurlike aggressiwiteit te aanvaar. |
| Kapasiteit vir intieme kontak (C). | Meet die vermoë om betekenisvolle, intieme verhoudings met ander mense te ontwikkel. |

- Eksterne Beheer meet die mate waarin die respondent prestasie aan kragte buite sy/haar beheer toeskryf (geluk, noodlot, omstandighede of invloedryke mense).
- Interne Beheer meet die mate waarin die respondent prestasie toeskryf aan oorsake binne sy/haar beheer (vermoëns, gedrag of persoonlike kenmerke).
- Outonomie meet of die respondent glo in sy/haar vermoë, onafhanklik en met selfvertroue optree, besluite neem en optree om probleme op te los.

Die drie skale van hierdie meetinstrument is aan 'n itemontleding onderwerp en die betroubaarheid daarvan is hoër as 0,80. Navorsing deur Schepers (1995) bevestig die konstrukgeldigheid van die LVB. Wat kriteriumverwante geldigheid betref, is bevind dat die LVB met 'n saamgestelde kriterium van werksukses (r = 0,62) korreleer.

- Die **Sestien-Persoonlikheidsfaktorvraelys** (16 PF) vir die meting van verskeie persoonlikheidsfaktore. Die betroubaarheid van die huidige 16 PF (Vorm SA 92) is hoër as die vorige vorms van die 16 PF (Van Zyl, 1994). Cattell se toetshertoetsbetroubaarheid het korrelasies van 0,58 tot 0,88 na twee-maande-hertoetsing getoon (Cattell, Eber & Tatsuoko, 1974). Volgens Smit (1991) onderskei die 16 PF beduidend tussen normale en neurotiese persone ten opsigte van emosionele stabiliteit (Faktor C), angs (Faktor I en O), en psigosomatiese angs (Faktor $Q_4$).

**Statistiese ontledings**
Statistiese verwerkings is met behulp van die SAS-rekenaarprogram (SAS Institute, 1996) gedoen. Om die interne konsekwentheid van die POI te bepaal, is Cronbach se alfakoëffisiënt gebruik. Die alfa-koëffisiënt is 'n maatstaf vir interne konsekwentheid en dui die mate aan waarin al die items in die toets dieselfde eienskap meet (Huysamen, 1993). Dit impliseer dat die verskillende items in 'n meetinstrument so homogeen is dat elke item dieselfde veranderlike wat gemeet word, evalueer (De Wet, Monteith, Venter & Steyn, 1981). In hierdie navorsing is die alfa-koëffisiënt bereken met behulp van die Kuder-Richardson Formule 21.

Pearson se produkmomentkorrelasies is bereken om die sterkte van die lineêre verwantskap tussen twee veranderlikes vas te stel (Anastasi, 1988). Volgens Cohen (1988) geld die volgende afsnypunte vir die praktiese betekenisvolheid van korrelasies tussen veranderlikes:

- r = 0,10 - klein effek
- r = 0,30 - medium effek
- r = 0,50 - groot effek.

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek sal r-waardes groter as 0,30 (dit wil sê 'n medium effek) as prakties betekenisvol beskou word.

## RESULTATE

Die alfa-koëffisiënte van die POI vir die totale ondersoekgroep, sowel as vir blankes en swartes word in Tabel II uiteengesit.

### TABEL II
### DIE ALFA-KOËFFISIËNTE VAN DIE POI VIR UNIVERSITEITSTUDENTE

| FAKTOR | Totale Ondersoek-Groep | Blankes | Swartes |
|---|---|---|---|
| Tydratio (Tc) | 0,75* | 0,75* | 0,67* |
| Ondersteuningsratio (I) | 0,75* | 0,76* | 0,67* |
| Selfaktualiseringswaarde (Sav) | 0,45 | 0,50* | 0,05 |
| Eksistensialiteit (Ex) | 0,58* | 0,59* | 0,50* |
| Gevoelsrefleksie (Fr) | 0,44 | 0,47 | 0,39 |
| Spontaneïteit (S) | 0,42 | 0,47 | 0,12 |
| Selfagting (Sr) | 0,40 | 0,37 | 0,51* |
| Selfaanvaarding (Sa) | 0,56* | 0,57* | 0,46 |
| Mensbeskouing (Nc) | 0,42 | 0,39 | 0,38 |
| Sinergie (Sy) | 0,24 | 0,33 | -0,19 |
| Aanvaarding van aggressie (A) | 0,51* | 0,52* | 0,52* |
| Kapasiteit vir intieme kontak (C) | 0,59* | 0,57* | 0,62* |

* Beduidende betroubaarheidskoëffisiënte ($\alpha \geq 0,50$)

Na aanleiding van Tabel II blyk dit dat die betroubaarheidskoëffisiënte vir die totale ondersoekgroep tussen 0,24 en 0,75 varieer. Die skale van die POI wat nie aanvaarbare alfa-koëffisiënte behaal het nie, is Gevoelsrefleksie (Fr), Spontaneïteit (S), Selfagting (Sr), Mensbeskouing (Nc) en Sinergie (Sy). Soortgelyke resultate is vir die wit subgroep verkry. Wat die swart subgroep betref, het die volgende skale nie aanvaarbare alfakoëffisiënte behaal nie: Selfaktualiseringswaarde (Sav), Gevoelsrefleksie (Fr), Spontaneïteit (S), Selfagting (Sr), Mensbeskouing (Nc) en Sinergie (Sy).

In Tabel III word die beduidende korrelasies (r) tussen die POI en die 16 PF opgesom.

Na aanleiding van Tabel III blyk dit dat Tydratio (Tc) 'n positiewe verband (medium effek) toon met Faktor C (Emosioneel Stabiel) en Faktor F (Geesdriftig). Tydratio toon ook 'n negatiewe verband (medium effek) met Faktor L (Agterdogtig), Faktor O (Bevreesd) en Emosionele Sensitiwiteit ('n tweede-orde faktor). Angs ('n tweede-orde faktor) toon 'n negatiewe verband (groot effek) met Tydratio. Die persoon wat in die hede leef is dus emosioneel stabiel, geesdriftig, en minder agterdogtig, bevreesd, gespanne, angstig en emosioneel sensitief.

Die Ondersteuningsatio (I) van die POI toon 'n verband met Faktor C (Emosioneel Stabiel). 'n Negatiewe verband is tussen Ondersteuningsratio (I) enersyds en Faktor O (Bevreesd) en Angs andersyds verkry. Dit is 'n aanduiding dat 'n persoon wat vanuit die self optree ook geneig is om emosioneel stabiel te wees en minder skuldgevoelens, bekommernisse, spanning en angs te ervaar.

### TABEL III
### OPSOMMING VAN DIE KORRELASIES TUSSEN DIE POI EN DIE 16 PF VIR DIE TOTALE ONDERSOEKGROEP

| Shostrom (POI) | Cattell (16 PF) | r |
|---|---|---|
| Tc (Tydratio) | C (Emosioneel stabiel) | 0,46* |
| | F (Geesdriftig) | 0,33* |
| | L (Agterdogtig) | -0,32* |
| | O (Bevreesd) | -0,43* |
| | $Q_4$ (Gespanne) | -0,39* |
| | Faktor II (Angs) | -0,52** |
| | Faktor III (Emosionele sensitiwiteit) | -0,38* |
| I (Ondersteuningsratio) | C (Emosioneel stabiel) | 0,34* |
| | O (Bevreesd) | -0,36* |
| | Faktor II (Angs) | -0,36* |
| Sav (Selfaktualiseringswaarde) | F (Geesdriftig) | 0,32* |
| Ex (Eksistensialiteit) | - | - |
| Fr (Gevoelsrefleksie) | E (Selfgeldend) | 0,30* |
| S (Spontaneïteit) | F (Geesdriftig) | 0,34* |
| | H (Waaghalsig) | 0,35* |
| | Faktor I (Ekstroversie) | 0,33* |
| Sr (Selfagting) | C (Emosioneel stabiel) | 0,32* |
| | F (Geesdriftig) | 0,35* |
| | H (Waaghalsig) | 0,34* |
| | O (Bevreesd) | -0,40* |
| | $Q_4$ (Gespanne) | -0,38* |
| | Faktor II (Angs) | -0,44* |
| | Faktor III (Emosionele sensitiwiteit) | -0,36* |
| Sa (Selfaanvaarding) | C (Emosioneel stabiel) | 0,33* |
| | O (Bevreesd) | -0,34* |
| | Faktor II (Angs) | -0,30* |
| Nc (Mensbeskouing) | L (Agterdogtig) | -0,31* |
| Sy (Sinergie) | - | - |
| A (Aanvaarding van aggressie) | E (Selfgeldend) | 0,33* |
| | Faktor IV (Onafhanklikheid) | 0,33* |
| C (Kapasiteit vir intieme kontak) | - | - |

* r = 0,30 – medium effek
** r = 0,50 – groot effek

Selfaktualiseringswaarde (Sav) hou verband met Faktor F (Geesdriftig), terwyl Gevoelsrefleksie (Fr) soos te verwagte met Faktor E (Selfgeldend) korreleer. Spontaneïteit (S) korreleer volgens verwagting met Faktor F (Geesdriftig), Faktor H (Waaghalsig) en Ekstroversie. Selfagting (Sr) hou positief verband met Faktor C (Emosioneel Stabiel), Faktor F (Geesdriftig) en Faktor H (Waaghalsig), terwyl dit negatief met Faktor O (Bevreesd) en Faktor $Q_4$ (Gespanne), Angs en Emosionele Sensitiwiteit (tweede-orde faktor) verband hou.

Selfaanvaarding (Sa) hou positief verband met Faktor C (Emosioneel stabiel) en korreleer negatief met Faktor O (Bevreesd) en Angs. Mensbeskouing (Nc) korreleer volgens verwagting negatief met Faktor L (Agterdogtig). 'n Verband is ook tussen Aanvaarding van Aggressie (A) en Faktor E (Selfgeldend) gevind. Eksistensialiteit (Ex), Sinergie (Sy) en Kapasiteit vir Intieme Kontak (C) hou glad nie verband met enige persoonlikheidskenmerke soos gemeet deur die 16PF nie.

Korrelasies tussen die POI en 16PF van die wit en swart studente afsonderlik, is vervolgens bepaal. Die beduidende korrelasies word in Tabel IV opgesom.

### TABEL IV
### OPSOMMING VAN DIE KORRELASIES TUSSEN DIE POI EN DIE 16 PF VIR RASSEGROEPE

| POI | WITTES | | SWARTES | |
|---|---|---|---|---|
| | 16PF | r | 16PF | r |
| Tc | C (Emosioneel stabiel) | 0,42* | C (Emosioneel Stabiel) | 0,41* |
| | O (Bevreesd) | 0,43* | F (Geesdriftig) | 0,40* |
| | $Q_4$ (Gespanne) | -0,43* | O (Bevreesd) | -0,40* |
| | Faktor II | -0,51** | Q4 (Gespanne) | -0,30* |
| | Faktor III | -0,39* | Faktor II | -0,45* |
| | | | Faktor III | -0,39* |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| I | C (Emosioneel stabiel) | 0,34* | E (Selfgeldend) | 0,42* |
| | O (Bevreesd) | -0,38* | Q1 (Ondersoekend) | 0,32* |
| | Faktor II | -0,35* | Faktor IV | 0,31* |
| SAV | | | E (Selfgeldend) | 0,30* |
| | | | F (Geesdriftig) | 0,34* |
| | | | H (Waaghalsig) | 0,30* |
| | | | Faktor I | 0,33* |
| Ex | G (Konsensieus) | -0,30* | $Q_1$ (Ondersoekend) | 0,33* |
| | Faktor IV | 0,34* | | |
| Fr | E (Selfgeldend) | 0,31* | Faktor IV | 0,30* |
| S | F (Geesdriftig) | 0,32* | E (Selfgeldend) | 0,43* |
| | H (Waaghalsig) | 0,30* | F (Geesdriftig) | 0,30* |
| | O (Bevreesd) | -0,30* | H (Waaghalsig) | 0,50** |
| | Faktor I | 0,30* | $Q_1$ (Ondersoekend) | 0,31* |
| | | | Faktor I | 0,42* |
| Sr | C (Emosioneel stabiel) | 0,35* | H (Waaghalsig) | 0,31* |
| | F (Geesdriftig) | 0,35* | $Q_3$ (Selfbeheer) | 0,34* |
| | H (Waaghalsig) | 0,32* | $Q_4$ (Gespanne) | -0,32* |
| | O (Bevreesd) | -0,46* | Faktor I | 0,30* |
| | $Q_4$ (Gespanne) | -0,41* | Faktor III | -0,33* |
| | Faktor II | -0,48* | | |
| | Faktor III | -0,37* | | |
| Sa | C (Emosioneel stabiel) | 0,34* | $Q_1$ (Ondersoekend) | 0,33 |
| | O (Bevreesd) | -0,39* | | |
| | Faktor II | -0,32* | | |
| Nc | L (Agterdogtig) | -0,31* | N (Berekend) | 0,31* |
| | | | O (Bevreesd) | -0,32* |
| | | | $Q_3$ (Selfbeheer) | 0,45* |
| | | | Faktor II | -0,34* |
| | | | Faktor V | 0,45* |
| Sy | | | $Q_3$ (Selfbeheer) | 0,35* |
| A | E (Selfgeldend) | 0,31* | E (Selfgeldend) | 0,41* |
| | Faktor IV | 0,35* | | |
| C | | | Faktor IV | 0,35* |
| | | | Faktor VI | -0,38* |

* r = 0,30 – medium effek
** r = 0,50 – groot effek.

Na aanleiding van Tabel IV blyk dit dat faktore op die 16 PF wat angs (neurotisisme) meet, by die wit subgroep ooglopend negatief korreleer met psigologiese optimaliteit. Faktor L (Agterdogtig) hou negatief verband met Mensbeskouing (Nc); Faktor O (Bevreesd) hou negatief verband met Tydratio (Tc), Ondersteuningsratio (I), Selfagting (Sr) en Selfaanvaarding (Sa), terwyl Faktor Q4 (Gespanne) negatief verband hou met Selfagting (Sr). Faktor C (Emosioneel Stabiel) (die teenpool van neurotisisme) hou positief verband met Tydratio (Tc), Onderteuningsratio (I), Selfagting (Sr) en Selfaanvaarding (Sa). Die negatiewe verband tussen Eksistensialiteit (Ex) en Faktor G (Konsensieus) is ook logies. Aanvaarding van Aggressie hou positief verband met Faktor E (Selfgeldend) en Faktor IV (Onafhanklikheid).

By die swart subgroep bestaan daar 'n positiewe verband tussen Tydratio (Tc), Faktor C (Emosioneel Stabiel) en Faktor F (Geesdriftig). 'n Negatiewe verband is tussen Tydratio en Faktor O (Bevreesd), Faktor $Q_4$ (Gespanne), Angs en Emosionele Sensitiwiteit (tweede-orde faktor) gevind. Hierdie verbande ondersteun die bevindings in die totale ondersoekgroep, behalwe dat emosionele stabiliteit nie met die Ondersteuningsratio (I) korreleer nie.

Die verband tussen Ondersteuningsratio (I) enersyds en Faktor E (Selfgeldend), Faktor $Q_1$ (Ondersoekend) en Onafhanklikheid (tweede-orde faktor) dui dat die respondent wat minder afhanklik is van ander se goedkeuring, selfgeldend, liberaal en onafhanklik is. Die verband tussen Eksistensialiteit (Ex) en Faktor $Q_1$ (Ondersoekend) dui aan dat die respondent wat sy/haar waardes buigsaam toepas, geneig is om dinge te bevraagteken. Logiese verbande is ook tussen Spontaneïteit (S), Selfagting (Sr), Kapasiteit vir Intieme Kontak (C) en 16 PF-faktore verkry. Emosionele Stabiliteit (Faktor C) hou egter nie betekenisvol verband met Selfagting (Sr) nie.

In Tabel V word die korrelasies tussen die POI en die LVB vir die totale ondersoekgroep, sowel as vir die wittes en swartes afsonderlik aangedui.

**TABEL V**
**KORRELASIES TUSSEN DIE POI EN DIE LVB BY UNIVERSITEITSTUDENTE**

| | Eksterne Beheer | | | Interne Beheer | | | Outonomie | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| POI-Skaal | Totaal | Wit | Swart | Totaal | Wit | Swart | Totaal | Wit | Swart |
| **Tc** | -0,38* | -0,43* | -0,13 | 0,22 | 0,31* | 0,25 | 0,18 | 0,18 | 0,32* |
| **I** | -0,28 | -0,28 | -0,16 | 0,15 | 0,25 | 0,03 | 0,09 | 0,12 | 0,08 |
| **SAV** | -0,21 | -0,21 | -0,13 | 0,20 | 0,28 | 0,18 | 0,14 | 0,14 | 0,23 |
| **Ex** | -0,17 | -0,15 | -0,13 | 0,02 | 0,12 | -0,17 | -0,01 | 0,04 | -0,12 |
| **Fr** | -0,09 | -0,12 | 0,03 | 0,13 | 0,14 | 0,14 | 0,10 | 0,09 | 0,14 |
| **S** | -0,24 | -0,24 | -0,16 | 0,02 | 0,04 | 0,04 | 0,06 | 0,05 | 0,15 |
| **Sr** | -0,35* | -0,38* | -0,25 | 0,28 | 0,27 | 0,32* | 0,19 | 0,11 | 0,37* |
| **Sa** | -0,22 | -0,22 | -0,14 | 0,09 | 0,23 | -0,20 | 0,00 | 0,09 | -0,21 |
| **Nc** | -0,12 | -0,11 | -0,05 | 0,07 | 0,11 | 0,10 | 0,11 | 0,06 | 0,26 |
| **Sy** | -0,18 | -0,21 | -0,03 | 0,25 | 0,27 | 0,31* | 0,17 | 0,12 | 0,35* |
| **A** | -0,13 | -0,18 | 0,04 | 0,18 | 0,28 | -0,06 | 0,14 | 0,24 | -0,12 |
| **C** | -0,23 | -0,26 | -0,10 | 0,06 | 0,20 | -0,17 | 0,01 | 0,06 | -0,07 |

* r = 0,30 - medium effek
** r = 0,50 - groot effek

Die korrelasies wat verkry is tussen die POI en die LVB varieer tussen 0,00 en -0,43. Na aanleiding van Tabel V blyk dit dat daar negatiewe korrelasies voorkom tussen die POI-skale en Eksterne Beheer en positiewe korrelasies tussen die POI-skale en Interne Beheer. Dit blyk dat Eksterne Beheer negatief verband hou met Tydratio (Tc) en Selfagting (Sr) by die totale ondersoekgroep en die wit subgroep (wat die grootste deel van die studiepopulasie vorm).

By die wit subgroep hou Interne Beheer positief verband met Tydratio (Tc). Interne Beheer en Outonomie hou slegs by die swart subgroep positief verband met Tydratio (Tc), Selfagting (Sr) en Sinergie (Sy). Die korrelasie tussen Sinergie (Sy) en Interne Beheer en Outonomie is moeilik verklaarbaar, aangesien die Sinergie-skaal (Sy) nie intern konsekwent is nie.

## BESPREKING

Die betroubaarheid (interne konsekwentheid) van die POI ten opsigte van universiteitstudente wissel van laag tot aanvaarbaar. Die aanvaarbare alfa-koëffisiënte van die hoofskale, Tydratio (Tc) en Ondersteuningratio (I), stem ooreen met Schulz (1994) en Shostrom (1974) se navorsingsresultate. Ten opsigte van hierdie navorsing kan hierdie twee skale as redelik intern konsekwent beskou word. Wise (1977) noem dat dit veral Ondersteuningsratio (I) is wat stabiel sowel as intern konsekwent is, veral omdat hierdie skaal oor die meeste items beskik, naamlik 127.

Daar is heelwat laer betroubaarheidskoëffisiënte vir die subskale verkry, met die laagste waarde 0,24 (Sinergie) en die hoogste waarde 0,59 (Kapasiteit vir Intieme Kontak). 'n Moontlike verduideliking vir die laer alfa-koëffisiënte vir A (Aanvaarding van Aggressie) (0,51) en Fr (Gevoelsrefleksie) (0,44), kan wees dat hierdie skale veranderlikes meet wat affekverwant is (Schulz, 1994). Die laer betroubaarheid van 0,42 op die Nc-

skaal (Mensbeskouing) stem ooreen met vorige navorsingsbevindinge (Shostrom, 1974).

In vorige studies waar interne konsekwentheid as metode vir betroubaarheid gebruik is, is soortgelyke resultate gevind (vgl. Hattie, 1986; Schafer & Jones, 1977; Silverstein & Fisher, 1973; Wise, 1977). Veral die lae waarde op die Sinergie-skaal (Sy) word deur bogenoemde studies bevestig. Schafer en Jones (1977) meen dat vorige betroubaarheidstudies met behulp van alfa-koëffisiënte negatief beïnvloed is deur die faktorheterogeniteit op die POI-skale. Die aantal items op sommige van die skale is min en dit kon moontlik 'n invloed op die interne konsekwentheid gehad het (Raanan, 1973). Die lae tot gemiddelde interne konsekwentheid kan toegeskryf word aan die breë veranderlikes wat die POI-skale veronderstel is om te meet. Die inhoud van die items in elke skaal varieer ook heelwat (Bloxom, 1972).

Die gebruik van die Kuder-Richardson Formule 21 (K-R 21) vir die bepaling van die alfa-koëffisiënte, kan as verdediging vir die lae betroubaarheidswaardes wat in hierdie studie verkry is, dien. Hierdie formule is gebaseer op die rekenkundige gemiddelde van interitemkorrelasies (Hattie, 1986). Indien die items binne elke skaal uit 'n aantal fasette met 'n minimum oortollige items bestaan, kan verwag word dat die interitemkorrelasies laag sal wees. Gevolglik sal die K-R 21 en die alfakoëffisiënte ook laag wees. Aangesien dit die geval by die POI is, kan die gebruiker van die POI die routellings wat verkry word met gemak gebruik ten spyte van die lae tot gemiddelde alfa-koëffisiënte (Hattie, 1986).

Die lae betroubaarheidskoëffisiënte wat vir swart respondente op die POI-skale verkry is, kan volgens Wissing en Van Eeden (1997) toegeskryf word aan die feit dat die POI nie 'n bruikbare meetinstrument vir psigologiese optimaliteit vir Suid-Afrikaanse swartmense is nie. Die grootte van die ondersoekgroep, veral ten opsigte van die aantal swart kandidate, kon egter bygedra het tot die lae interne konsekwentheid.

Samevattend kan gestel word dat die POI slegs betroubaar is ten opsigte van Tydratio (Tc), Ondersteuningsratio (I), Eksistensialiteit (Ex), Selfaanvaarding (Sa), Aanvaarding van Aggressie (A) en Kapasiteit vir Intieme Kontak (C). Dit blyk verder dat die POI 'n meer betroubare meetinstrument vir psigologiese optimaliteit vir wittes as vir swartes mag wees.

Wat **geldigheid** betref, blyk dit dat die konstrukgeldigheid van die meeste POI-skale aanvaarbaar is. Dit blyk dat die verband wat tussen die POI en die 16 PF-faktore verkry is, internasionale en plaaslike bevindings ondersteun (vgl. Knapp, 1965; Osborne & Steeves, 1981; Schulz, 1994). Die hoofskale van die POI, naamlik Tydratio (Tc) en Ondersteuningsratio (I) hou verband met emosionele stabiliteit en geesdrif, maar ook met laer agterdogtigheid, vrees, spanning, angs, neurotisisme en emosionele sensitiwiteit. Osborne en Steeves (1981) bevind dat die persoonlikeidsprofiel van die neurotiese persoon juis tydsonbevoegdheid en ander-gerigtheid insluit. Laasgenoemde dui daarop dat selfaktualisering verwant is aan die gebrek aan neurotiese en angstige simptome, wat Maslow (1971) se teorie van psigologiese gesondheid ondersteun.

Gevoelrefleksie (Fr) hou verband met selfgelding, wat aandui dat die persoon wat sensitief is vir sy/haar gevoelens, selfgeldend is. Spontaneïteit (S) hou verband met geesdrif, waaghalsigheid en ekstroversie (soos ook deur Schulz, 1994 bevind), maar hou nie betekenisvol met selfgelding verband nie.

Met verwysing na die Selfagting (Sr) en Selfaanvaarding (Sa) is positiewe verbande gevind met die volgende 16 PF-faktore: Emosioneel Stabiel (C), Selfgeldend (E), Geesdriftig (F) en Waaghalsig (H). Negatiewe verbande is gevind met Bevreesd (O), Gespanne (Q4), Angs (tweede-orde faktor) en Emosionele Sensitiwiteit (tweede-orde faktor). Mensbeskouing (Nc) hou negatief met agterdogtigheid verband. Laasgenoemde bevinding dui aan dat die respondent wat 'n konstruktiewe mensbeskouing handhaaf, minder agterdogtig is. Dit blyk ook dat Aanvaarding van Aggressie (A) met selfgelding en onafhanklikheid verband hou. Hierdie verbande bied ondersteuning vir die konstrukgeldigheid van die skale van die POI (vgl. ook Schulz, 1994 se bevindings).

Soortgelyke resultate as vir die totale ondersoekgroep is op sekere skale van die POI, veral Tydratio (Tc), Spontaneïteit (S), en Selfagting (Sr) verkry. Tydratio (Tc) korreleer in die geval van die swart respondente positief met emosionele stabiliteit en geesdrif, terwyl dit negatief korreleer met vrees, onsekerheid, angs en emosionele sensitiwiteit. Alhoewel die Ondersteuningsratio (I) nie betekenisvol met neurotisisme verband hou nie, maak dit wel sin dat die respondent wat vanuit die self optree, selfgeldend, ondersoekend en onafhanklik is.

Die verband van die 16 PF-faktore met Gevoelsrefleksie (Fr), Eksistensialiteit (Ex) en Selfagting (Sr), Mensbeskouing (Nc), en Aanvaarding van Aggressie (A) ondersteun die konstrukgeldigheid van die POI-skale vir die swart respondente. Dit is egter opmerklik dat emosionele stabiliteit nie 'n prakties betekenisvolle verband met Selfagting (Sr) en Selfaanvaarding (Sa) soos in die geval van die wit respondente nie.

Na aanleiding van die korrelasiekoëffisiënte is van die persoonlikheidskenmerke waaroor 'n psigologies optimaal-funksionerende persoon beskik 'n laer agterdog en hoër spanning, angs en ekstroversie. Verder dui die positiewe korrelasies tussen sommige van die POI-skale en die 16 PF-faktore daarop dat só 'n persoon emosioneel stabiel, selfgeldend, geesdriftig en waaghalsig is. Hieruit blyk dit dat die POI oor die algemeen meet wat dit veronderstel is om te meet.

Tydratio (Tc) en Selfagting (Sr) hou by die totale ondersoekgroep negatief verband met 'n eksterne lokus van beheer. Dit dui daarop dat 'n respondent wat sy/haar prestasie aan kragte buite sy/haar beheer toeskryf, in die verlede leef en nie van die self hou nie. Tydratio (Tc) het ook by die wit respondente 'n betekenisvolle positiewe verband met 'n interne lokus van beheer getoon. Alhoewel 'n soortgelyk tendens by die swart respondente voorgekom het, was die korrelasies nie betekenisvol nie. By die swart respondente bestaan daar weer 'n positiewe verband tussen Outonomie en Interne Beheer enersyds en Tydratio (Tc), Selfagting (Sr) en Sinergie (Sy) andersyds. Dit dui daarop dat die respondent wat outonoom optree meer in die hede leef, meer van die self hou en teenoorgesteldes as betekenisvol ervaar. Hierdie korrelasies bied verdere ondersteuning vir die konstrukgeldigheid van die POI.

By die interpretasie van bogenoemde resultate moet egter in aanmerking geneem word dat die empiriese ondersoek slegs 'n beskikbaarheidsteekproef verbonde aan een instansie ingesluit het. Daar was ook te min swart respondente in die ondersoekgroep om die volle uitwerking van hul resultate op die betroubaarheid- en geldigheidstudie as betekenisvol te beskou.

## AANBEVELINGS

Op grond van die resultate van hierdie ondersoek word die gebruik van die POI binne 'n universiteitsomgewing steeds geregverdig, alhoewel die bevindings steeds in samehang met ander toetsresultate geïnterpreteer moet word.

Verdere navorsing rakende die betroubaarheid en geldigheid van die POI by universiteitstudente moet onderneem word. Daar moet van ewekansige steekproewe gebruik gemaak word, en gelyke verteenwoordiging van alle kultuurgroepe moet verkry word. Verdere navorsing ten opsigte van die interne konsekwentheid, konstruk- en inhoudsgeldigheid van die POI by respondente buite 'n universiteitsomgewing is nodig. Dit is ook noodsaaklik om in toekomstige navorsing ander vorms van betroubaarheid en geldigheid van die POI te bepaal.

## BRONNELYS


Allport, G. W. (1970). *Pattern and growth in personality*. 2nd ed. London: Holt, Rinehart & Winston.

Anastasi, A. (1988). *Psychological testing*. 6th ed. New York: MacMillan.

Bloxom, B. (1972). The Personal Orientation Inventory. In O.K. Buros, (Ed.), *The Seventh Mental Measurement Yearbook*. (pp. 290-292). NJ: Gryphon Press.

Cattell, R. B., Eber, H.W., & Tatsuoko, M. M. (1974). *Handbook for the Sixteen Personality Factor Questionaire (16PF)*. Champaign, IL: IPAT.

Cilliers, F. V. N. (1984). *'n Ontwikkelingsprogram in sensitiewe relasievorming as bestuursdimensie*. Ongepubliseerde doktorale proefskrif, PU vir CHO, Potchefstroom.

Cilliers, F.V. N. & Wissing, M. P. (1993). Sensitiewe relasievorming as bestuursdimensie: Die evaluering van 'n ontwikkelingsprogram. *Tydskrif vir Bedryfsielkunde, 19*(1), 5-10.

Cohen, J. (1988). *Statistical power analysis for the behavioral sciences. Revised ed.* Orlando : Academic Press.

Culbert, S. A., Clark, J.V., & Bobele, H. K. (1968). Measures of change toward self-actualization in two sensitivity training groups. *Journal of Counseling Psychology, 15*(1), 53-57.

De Wet, J. J., Monteith, J. L. De. K., Venter, P. A., & Steyn, H. S. (1981). *Navorsingsmetodes in die opvoedkunde: 'n Inleiding tot empiriese navorsing*. Durban: Butterworth.

Duncan, R. C., Konefal, J., & Spechler, M. M. (1990). Effect of neurolinguistic programming training on self-actualization as measured by the Personal Orientation Inventory. *Psychological Reports, 66*, 1323-1330.

Foulds, M. L. (1969). Self-actualization and level of counselor interpersonal functioning. *Journal of Humanistic Psychology, 9*(1), 87-92.

Frankl, V. E. (1978). *Waarom lewe ek?* Kaapstad: Hollandsch Afrikaansche Uitgevers Maatschappij.

Hattie, J. (1986). A defence of the Shostrom Personal Orientation Inventory: A rejoinder to Ray. *Personality and Individual Differences, 7*(4), 593-594.

Huysamen, G. K. (1993). *Metodologie vir die sosiale en gedragswetenskappe*. Halfweghuis: Southern Boekuitgewers.

Jorgensen, L. I. (1996). Die evaluering van 'n opleidingsprogram ten opsigte van interpersoonlike doeltreffendheid binne die Suid-Afrikaanse Polisiediens-Opleidingskollege. Ongepubliseerde meestersgraadskripsie, PU vir CHO, Potchefstroom.

Knapp, R. R. (1965). Relationship of a measure of self-actualization to neuroticism and extraversion. *Journal of Consulting Psychology, 29*, 168-172.

Knapp, R. R. (1976). *Handbook for the Personal Orientation Inventory*. San Diego, CA: Edits.

Knapp, R. R., & Shostrom, E. L. (1976). POI outcomes in studies of growth groups: A selected review. *Group and Organisation Studies, 1*(2), 187-202.

Landy, F. (1989). Psychology of work behaviour. 4th ed. Pacific Grove, CA: Brooks/Cole.

Maslow, A. H. (1971). *The farther reaches of human nature*. New York: Viking.

Meyer, W. F., Moore, C., & Viljoen, H.G. (1994). *Persoonlikheidsteorieë van Freud tot Frankl*. Johannesburg: Lexicon.

Murphy, K.R., & Davidschofer, C.O. (1998). *Psychological testing: Principles and applications*. 4th ed. Englewood Cliffs, NJ: Prentice-Hall.

Oakland, J. A., Freed, F., Lovekin, A., Davis, J. P., & Camilleri, R. (1978). A critique of Shostrom's Personal Orientation Inventory. *Journal of Humanistic Psychology, 18*(2), 75-85.

Osborne, J.W. & Steeves, L., (1981). Relation between self-actualization, neuroticism and extroversion. *Perceptual and Motor Skills, 53*, 996-998.

Payne, T. J. (1981). Counselors' levels of self-actualization and prognoses for their clients: Further support for the POI. *Journal of Drug Education, 11*(4), 369-375.

Plug, C., Louw, D. A., Gouws, L. A., & Meyer, W. F. (1997). *Verklarende en vertalende sielkundeoordeboek*. 3de uitg. Johannesburg: Heinemann.

Raanan, S. L. (1973). Test review. *Journal of Counseling Psychology, 20*, 477-478.

Rizzo, R., & Vinacke, E. (1975). Self-actualization and the meaning of critical experience. *Journal of Humanistic Psychology, 15*(3), 19-30.

Rogers, C. R. (1975). *On becoming a person: A therapist's view of psychotherapy*. London: Constable.

Rothmann, S. (1996). *Die samestelling en evaluering van 'n groepfasiliteringskursus*. Ongepubliseerde doktorale proefskrif, PU vir CHO, Potchefstroom.

SAS Institute Inc. (1996). *SASR users guide: Statistics*. 5th ed. Cary, NC: SAS Institute Inc.

Schafer, W. D., & Jones, J. R. (1977). A modified split-half approach to internal consistency estimates for the Personal Orientation Inventory. *Psychological Reports, 41*(3), 1020-1021.

Schepers, J. M. (1995). *Die Lokus van Beheer-vraelys: Konstruksie en evaluering van 'n nuwe meetinstrument*. Johannesburg: RAU.

Schulz, G. M. (1994). Reliability and validity of the Personal Orientation Questionnaire in South Africa. Unpublished masters thesis, Unisa, Pretoria.

Schultz, D. (1977). *Growth psychology: Models of the healthy personality*. New York: Van Nostrand.

Schwab, R., & Harris, T. L. (1981). Personal growth of counselor trainees. *Counselor Education and Supervision, 20*(3), 219-222.

Shostrom, E. L. (1966). *Manual for the Personal Orientation Inventory*. San Diego, CA: Edits.

Shostrom, E. L. (1974). *Manual for the Personal Orientation Inventory (rev. ed.)*. San Diego, CA: Edits.

Shostrom, E. L., & Knapp, R. R. (1966). The relationship of a measure of selfactualization (POI) to a measure of pathology (MMPI) and to therapeutic growth. *American Journal of Psychotherapy, 20*, 193-202.

Silverstein, A. B., & Fisher, G. (1973). Internal consistency of POI scales. *Psychological Reports, 32*, 33-34.

Smit, G. J. (1991). *Psigometrika: Aspekte van toetsgebruik*. Pretoria: HAUM.

Van Wyk, J. D. (1978). Die identifisering van terapeutiese potensiaal. Unpublished doctoral thesis, Stellenbosch University, Stellenbosch.

Van Zyl, T. (1994). RGN Toetskatalogus: Deel 1. Pretoria: RGN.

Wall, J.B. (1970). Relationship of locus of control to self-actualization. *Psychological Reports, 27*, 282-283.

Warehime, R. G., & Foulds, M. L. (1971). Perceived locus of control and adjustment. *Journal of Consulting and Clinical Psychology, 31*, 250-252.

Weiss, A. S. (1991). The measurement of self-actualization: The quest for the test may be as challenging as the search for the self. *Journal of Social Behaviour and Personality, 6*(5), 265-290.

Wise, G.W. (1977). The Personal Orientation Inventory: A study of internal consistency. *Psychological Reports, 40*(3), 1000-1002.

Wissing, M.P. & Van Eeden, C. (1997, September). *Psychological well-being: A fortigenic conceptualization and empirical clarification*. Paper presented at the 3rd Annual Congress of the Psychological Society of South Africa, Durban.